**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

SAAKNOMMER: SS12/2010

DATUM: 30 NOVEMBER 2011

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

| | |
|---|---|
| **GEORGE THOMAS** | Beskuldigde 1 |
| **JASON STYNDER** | Beskuldigde 2 |
| **FRED WILLIAMS** | Beskuldigde 3 |
| **PETER MCNIEL** | Beskuldigde 4 |
| **DERRICK CLAASEN** | Beskuldigde 5 |
| **GIOVANNI KANNEMEYER** | Beskuldigde 6 |
| **ALFONSO VAN HEERDEN** | Beskuldigde 7 |
| **HERMAN WAKEFIELD** | Beskuldigde 8 |
| **MOGAMMAT STEMMET** | Beskuldigde 9 |
| **JEROME KARLMEYER** | Beskuldigde 10 |
| **ASHLEY APPOLLIS** | Beskuldigde 11 |
| **KENNETH LAVITA** | Beskuldigde 12 |
| **HOWARD JANSEN** | Beskuldigde 13 |
| **RONALD SWARTS** | Beskuldigde 14 |
| **GREGORY MEYER** | Beskuldigde 15 |
| **ASHRAF RYKLIEF** | Beskuldigde 16 |
| **RODNEY JOUBERT** | Beskuldigde 17 |
| **ASHWIN CHARLES** | Beskuldigde 18 |
| **REYAAZ DENNIS** | Beskuldigde 19 |

---

## UITSPRAAK

**(Aansoek in terme van artikel 153 en 154 en 74)**

**FORTUIN, R:**

Lasgewinge vir *in camera* verhore behoort nie ligtelik gegee te word nie. Die ope hof beginsel, wat vervat word in artikel 36(3)(c) van die Grondwet, moet nie sonder meriete ongedaan gemaak word nie. Dit is egter 'n feit dat 'n lasgewing wat die effek sal hê dat Staggie se identiteit openbaar mag word, 'n streep sal trek deur die Hof se vroeëre bevele dat Staggie en sy vrou se identiteit beskerm moet word.

Na aanhoor van betoë blyk dit dat daar 'n prakties uitvoerbare wyse is om die twee vorige getuies se identiteite te beskerm en terselfdertyd die grondwetlike beginsel tot die reg tot 'n ope hof te handhaaf. Gevolglik maak ek die volgende bevel:

1. Die aansoek van die Staat in terme van artikel 153 van die Strafproseswet <u>WORD VAN DIE HAND GEWYS</u>. Die getuienis van Cockrell sal in 'n ope hof aangehoor word. Getuie Cockrell sowel as enige ander hofamptenaar word verbied om die identiteit van die vorige twee getuies op enige wyse te openbaar, asook enige besonderhede van die getuiebeskermingsprogram. Enige nie-nakoming van hierdie bevel deur enige amptenaar sal neerkom op minagting van die Hof met gepaardgaande gevolge.

2. In terme van artikel 154 van die Strafproseswet mag geen informasie rakende die identiteit van die twee vorige getuies of besonderhede van die getuiebeskermingsprogram gepubliseer word nie.

3. In terme van artikel 174(3) van Wet 21 van 1998, sal enige persoon wie enige informasie in stryd met hierdie bevel bekend maak, skuldig wees aan 'n misdryf.

FORTUIN, R

/bw